# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY | UITGAWE OP GESAG

20c | Thursday 28 June 1979 | WINDHOEK | Donderdag 28 Junie 1979 | No. 3983

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
*Secretary for South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek

No. 108 1979

ORDINANCE, 1979: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 14 of 1979 Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1979

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
*Sekretaris van Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 108 1979

ORDONNANSIE, 1979: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 14 van 1979 Wysigingsordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1979

**No. 14 of 1979** ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM AMENDMENT ORDINANCE, 1979

*(Assented to 18 June 1979)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 1 January 1974 — see sec. 3)*

# ORDINANCE

To amend the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973, so as to extend the purposes for which loans may be granted; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:–

Amendment of section 32 of Ordinance 20 of 1973.

1. Section 32 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any person who —

(a) intends to establish a new establishment or to improve or extend an existing establishment may apply to the Executive Committee for a loan for that purpose;

(b) owes an amount in respect of a loan made for the establishment, improvement or extension of an establishment, may apply to the Executive Committee for a loan to repay the amount which he is so owing, or any part thereof.".

Amendment of section 38 of Ordinance 20 of 1973.

2. Section 38 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (1) for all the words preceding the proviso of the following words:

"(1) Loans granted on applications made in terms of section 32(1)(a) shall be paid out only if and when the work for which the loan was granted has been completed to the satisfaction of the Executive Committee:".

Short title and commencement.

3. This Ordinance shall be called the Accommodation Establishments and Tourism Amendment Ordinance, 1979, and shall be deemed to have come into operation on 1 January 1974.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME, 1979

**No. 14 van 1979**

*(Goedgekeur 18 Junie 1979)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 1 Januarie 1974 — sien art. 3)*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1973, ten einde die doeleindes waarvoor lenings toegestaan mag word, uit te brei; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:—

Wysiging van artikel 32 van Ordonnansie 20 van 1973.

1. Artikel 32 van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1973 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Iemand wat —

(a) van voorneme is om 'n nuwe inrigting tot stand te bring of 'n bestaande inrigting te verbeter of uit te brei, kan by die Uitvoerende Komitee om 'n lening vir daardie doel aansoek doen;

(b) 'n bedrag verskuldig is ten opsigte van 'n lening aangegaan vir die totstandbringing, verbetering of uitbreiding van 'n inrigting, kan by die Uitvoerende Komitee aansoek doen om 'n lening om die bedrag wat hy aldus verskuldig is, of enige gedeelte daarvan, terug te betaal.".

Wysiging van artikel 38 van Ordonnansie 20 van 1973.

2. Artikel 38 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) al die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(1) Lenings wat toegestaan is op aansoeke wat ingevolge artikel 32(1)(a) gedoen is, word slegs uitbetaal indien en wanneer die werk waarvoor dit toegestaan is, tot bevrediging van die Uitvoerende Komitee voltooi is:".

Kort titel en inwerkingtreding.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme, 1979, en word geag op 1 Januarie 1974 in werking te getree het.